Johann Rissik

Dalk lui die naam **Johann Friedrich Bernhard Rissik** vir jou ’n klokkie, maar jy weet nie eintlik wat hy gedoen het en waarom jy van hom moet weet nie. Wel, as dit nie vir hom was nie, is die kans groot dat Johannesburg se naam dalk iets anders kon wees. Rissik word as die peetpa van hierdie stad beskou. Hy was ’n **landmeter-generaal**, die eerste **administrateur** van Transvaal en selfs ’n minister. [1]

Persoonlike lewe

Rissik is op 2 Februarie 1857 in Utrecht in Nederland gebore. Hy was die seun van dr. Gerrit Hendrick en Neeltje Rissik. [2] Sy pa is deur een van die destydse presidente van die Zuid-Afrikaansche Republiek, president Burgers, oorreed om na Suid-Afrika te kom. [3] Hy en sy gesin het ses weke lank per boot na Durban gereis en toe na Pretoria in ’n ossewa. Die ossewarit het vyf weke geduur. Saam met hom was sy vrou, Neeltje (née Altmann), sy dogter, Anna Maria, en vier van sy vyf seuns – Frederik Hendrik, Johann Friedrich Bernhard, Cornelis en Gerhard Hendrick. Sy seun Sybrand het in Nederland agtergebly.

Johann het aanvanklik sy pa in sy apteek gehelp, maar het later vir die **regering** begin werk. Hy is as die tweede regeringsklerk in die **landmeter-generaal** se departement aangestel.

Johann is op 8 Oktober 1890 met Maria Magdalena Wilhelmina (Mimmie) Leibbrandt getroud. Haar pa, Pieter Ulrich Leibbrandt, was in daardie stadium Kaapstad se burgemeester. Die pasgetroude paartjie het in ’n huis ingetrek wat Johann in Pretoria laat bou het. Dit is na sy geboorteplek in Nederland genoem, naamlik Linschoten. Hulle het 33 jaar in hierdie huis gewoon, en hul vier seuns is daar gebore. Bernard, op 8 Maart 1892; Harry, op 10 April 1894; Pieter Ulrich, op 11 Maart 1896; en Johann, op 8 November 1899. Die jongste seun, Johann, is tragies op 9 Januarie 1904 oorlede. Die oudste seun, Bernard, is op 22 Junie 1915 tydens die Eerste Wêreldoorlog in Vlaandere oorlede.

Johann Rissik is op 26 Augustus 1925 op die ouderdom van 68 in Pretoria oorlede.

Die vier Rissik-broers.

’n Nuwe stad word gebore

Goud is in 1886 aan die Witwatersrand ontdek, en dit het alles in hierdie gebied verander en tot die ontwikkeling van ’n groot stad gelei. ’n Groot **dagsoom** met gouddraende **erts** is op die plaas Langlaagte ontdek, en ’n openbare **delwery** is in April 1886 **geproklameer**. Kort nadat die hoofrif in 1886 ontdek is, is daar gevind dat dit deur Langlaagte oor byna 50 km na die ooste en die weste strek. [4]

Nie alle geskiedkundiges stem saam oor die oorsprong van Johannesburg se naam nie, maar navorsing het al gewys dat dit wel na Rissik (wat toe die waarnemende **landmeter-generaal** was) en Christiaan Johannes Joubert, die destydse hoof van mynwese, vernoem is.

In Augustus 1886 het die **regering** ’n kommissie (Rissik en Joubert) na die Witwatersrand gestuur om die **lewensvatbaar**heid van die nuwe goudvelde te ondersoek. Hulle het aanbeveel dat verskeie plase tot openbare **delwerye** ge**proklameer** moes word, en dit is gevolglik in September en Oktober 1886 gedoen. [4]

Verskeie kampe wat uit tente, sinkhuisies en tentwaens bestaan, het opgeskiet. [5] Die belangrikste kampe was Ferreiraskamp, Meyerskamp en Langlaagtekamp. Ferreiraskamp was die grootste, maar Rissik en Joubert het Randjeslaagte as die beste ligging vir die nuwe dorp gekies. Dit is omdat dit **regering**sgrond was. Die grootte was net minder as 300 ha, en die regering kon deur die verkoop van **standplase** ’n goeie inkomste kry. [4]

In September 1886 het die **regering** J.E. de Villiers se tender vir die uitmeet van 600 standplase op ’n gedeelte van Randjeslaagte aanvaar. In dieselfde maand is Rissik en Joubert (Johannes) se voorname in die naam Johannesburg verewig. Johannesburg was van die begin af ’n beplande dorp met strate en erwe wat behoorlik deur ’n landmeter opgemeet is. [4]

Johannes Joubert.

Die spoorwegstasie in Pretoria.

Die Witwatersrandse goudvelde is by wyse van ’n proklamasie in die *Staatskoerant* van 8 September 1886 tot openbare **delwerye** verklaar.

Johannesburg, 1890.

Het jy geweet?

Daar was nóg ’n Johannes betrokke, wat die naamgewing nog interessanter (en ingewikkelder!) maak. Johannes Pieter Meyer was die **veldkornet** van die wyk, en hy het vir Rissik en Joubert met hul werk bygestaan.

Pres. Paul Kruger het ook glo van die naam Johannesburg gehou en gesê dat hy, Rissik en Joubert, asook die staatsprokureur Leyds almal die naam Johannes gedra het. [6]

Paul Kruger.

W.J. Leyds.

Nog werk en posisies

Rissik het op 24 Junie 1903 ’n lid van Transvaal se interkoloniale raad geword. Dié raad was onder meer vir die spoorweë, landmetery en polisiemag verantwoordelik.

Hy is in 1904 as lid van die nuwe Transvaalse **regering** verkies en was lid van ’n kommissie wat na die finansiële verhoudings tussen die **regering** en plaaslike owerhede gekyk het.

Die Pretoria-stadsaal in 1890.

Hy is op 22 Februarie 1907 as Het Volk-lid vir die parlement vir noordsentraal Pretoria verkies. Net ’n maand later (4 Maart 1907) is hy as minister van grondsake en minister van die destydse “naturellesake” aangestel. (Die woord “naturel” is ’n vroeëre benaming vir ’n swart Suid-Afrikaner, maar ons gebruik dit nie meer vandag nie omdat dit ’n rassistiese woord is.) Hy was ook lid van die uitvoerende raad van Transvaal. Rissik het selfs in daardie tyd die grond vir die bou van die Uniegebou aangekoop.

Rissik was vanaf 31 Mei 1910 die eerste **administrateur** van Transvaal en het in Julie 1917 uitgetree. Hy het toe die kommissaris van spoorweë en hawens geword, asook die kommissaris wat vir openbare skuld verantwoordelik was. Hy het albei dié poste tot sy dood beklee. [3]

Woordbank

administrateur	Die hoof van ’n provinsiale uitvoerende mag.
dagsoom	Die gedeelte van ’n rif wat **erts** bevat en wat bo die grond sigbaar is.
delwerye	Die plek of streek waar minerale of gesteentes soos goud en diamante meestal op ’n oop terrein gedelf word.
erts	’n Delfstof wat metale bevat.
landmeter	’n Persoon wie se werk dit is om land te meet en dit op ’n kaart aan te dui.
landmeter-generaal	’n Amptenaar wat toesig hou oor die werk van landmeters en die register van ontroerende goed in ’n bepaalde gebied.
lewensvatbaar	Het ’n goeie kans om voort te bestaan en ingang te vind.
geproklameer	Iets amptelik bekend maak of aankondig.
regering	Die bestuur van ’n land.
standplase	‘n Stuk grond in ‘n dorpsgebied afgebaken deur die plaaslike owerheid as erf vir ‘n woning.

veldkornet	’n Amptenaar in die bestuur van plaaslike sake wat in militêre, administratiewe, regterlike en polisie-aangeleenthede belangrike funksies vervul het.

Lees dié artikels om meer te leer

- **Na wie is Johannesburg nou eintlik vernoem?**
- **Wie was Johann Rissik?**
- **Rissik se biografie**

Kyk dié video’s om meer te wete te kom

Die ontwikkeling van Johannesburg

Hoe het die mynwese in Johannesburg in die jare veertig gelyk?

Hoe moet stede beplan word sodat dit kan floreer?